/vv

**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. A61/2008

In die appèl van:

**<u>PIETRICH FREDERICH GERHARDT CROTS</u>** Appellant

en

**<u>JACQUES PRETORIUS</u>** Respondent

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | VAN DER MERWE, R et<br>PLOOS VAN AMSTEL, WND R |
| **<u>UITSPRAAK:</u>** | PLOOS VAN AMSTEL, WND R |
| **<u>AANGEHOOR OP:</u>** | 20 OKTOBER 2008 |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | 20 NOVEMBER 2008 |

---

[1] Hierdie is ‘n appèl teen ‘n beslissing gegee in die Landdroshof van Kroonstad ingevolge waarvan ‘n eis om skadevergoeding weens die beweerde diefstal van vee van die hand gewys en ‘n teeneis weens laster as gevolg van die bekendmaking van

hierdie bewerings, toegestaan is.

[2] Die feitelike agtergrond kan as volg saamgevat word:

2.1 Op Vrydag, 5 Augustus 2005, as gevolg van 'n telefoniese mededeling wat hy van 'n werknemer ontvang het, het die appellant (die eiser) na die plaas Vaalhoek in die distrik van Edenville gery waar daar 121 van sy beeste geloop het;

2.2 Met sy aankoms op die plaas vind hy dat daar 'n tekort van nege Brahman verse is;

2.3 Al die eiser se verse was behoorlik op die linkerboud gemerk met sy geregistreerde brandmerk, in die ore getatoeëer met sy voorletters en al die ore van die verse was aan die bokant met 'n vierkant geknip;

2.4 Eiser het onmiddellik die Veediefstaleenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ontbied en die saak aangemeld;

2.5 By nadere ondersoek het die eiser die spore herken van ‘n vragmotor wat op een van die ander plase ‘n stuk band verloor het toe dit ‘n ysterpen in die grond raakgetrap het en gevolglik ‘n kenmerkende bandafdruk gelaat het;

2.6 Die eiser het die eienaar van hierdie vragmotor (ene De Waal) telefonies gekontak en dié het bevestig dat sy vervoeronderneming op versoek van die respondent (die verweerder) die vorige dag beeste gelaai het;

2.7 De Waal het onderneem om die drywer van sy vragmotor tot die eiser se beskikking te stel ten einde die nodige uitwysings te doen;

2.8 Die betrokke drywer (ene Ndomo) het aan die eiser uitgewys waar hy die nege Brahman verse in ‘n stoor op die plaas Vaalhoek aangetref, op die vragmotor gelaai en na die slagpale van Country Meat te Kroonstad vervoer het;

2.9 Gemelde Ndomo het aan eiser verduidelik dat dit alles geskied het op die instruksies en ooreenkomstig die uitwysings van 'n sekere persoon (ene Mohane) wie hy vooraf opgelaai het, soos tussen sy werkgewer (De Waal) en die verweerder gereël;

2.10 Die eiser het intussen vasgestel dat sy verse inderdaad by die betrokke slagpale geslag is en het by wyse van 'n dringende hofaansoek suksesvol in die landdroshof aansoek gedoen om die beslaglegging op die opbrengs daarvan.

[3] Die bogemelde feite was nie op appél in geskil nie.

[4] Die verweerder het egter in die verhoorhof die volgende aangevoer:

4.1 'n Persoon met die naam van Petrus het hom die voorafgaande dag (Donderdag, 4 Augustus 2005) telefonies geskakel en gesê dat hy nege beeste het om te verkoop;

4.2 Hierdie Petrus wou hê dat verweerder die volgende dag na die beeste moes gaan kyk, maar verweerder sou die volgende dag in Johannesburg wees en daar is gevolglik ooreengekom dat die verweerder 'n transporteerder sou kry om die beeste te gaan haal terwyl Petrus sou reël vir iemand om die beeste aan die vragmotorbestuurder uit te wys;

4.3 Verweerder het dit as 'n vereiste gestel dat hy slegs die beeste sou koop per uitgeslagte gewig en het hy teenoor de Waal asook teenoor Petrus aangedui dat die beeste na Country Meat Slagpale in Kroonstad geneem moes word om daar geslag te word;

4.4 Petrus wou 'n voorskot hê en die verweerder het die Vrydagmiddag waarop die beeste geslag is, met sy terugkeer vanaf Johannesburg R2 000,00 kontant aan 'n man oorhandig wie hy aangeneem het Petrus is;

4.5 Die daaropvolgende Maandag is die verweerder deur die polisie meegedeel dat ‘n klagte van veediefstal teen hom gelê is en het hy die eiser geskakel om ‘n verduideliking te vra. Die eiser het volgehou dat die verweerder sy vee gesteel het en wou geen gesprek daaromtrent voer nie.

[5] Die verhoorlanddros het die verweerder se weergawe aanvaar.

[6] Die landdros het in sy uitspraak volledig met die getuienis wat voor hom afgelê is, gehandel en het sy bevindinge breedvoerig gemotiveer.

[7] Daar is geen aanduiding in sy uitspraak, en dit is ook nie in die kennisgewing van Appél of voor ons in betoog aangevoer, dat die verhoorlanddros in enige opsig misgetas of homself wanvoorgelig het in die beoordeling van die getuienis of met betrekking tot sy feitebevindinge nie.

[8] Dit is geykte reg dat ‘n hof van appèl nie ligtelik sal inmeng met die bevindinge van ‘n hof *a quo* nie, veral waar daar nie

aangevoer word dat die verhoorlanddros ‘n mistasting of feitedwaling begaan het nie.

[9] ‘n Hof van appèl sal in hierdie omstandighede die gevolgtrekkings en bevindinge van ‘n hof *a quo* slegs tersyde stel as die hof van appèl oortuig is dat die landdros verkeerd is.

[10] Hierdie benaderingswyse word soms uitgedruk as ‘n vermoede dat **“judgments, unless shown to be wrong, are right.”** (Per VAN DEN HEEVER, R in **R v HAEFELE** 1938 (2) PH F180 (SWA). En sien **R v DHLUMAYO AND ANOTHER** 1948 (2) SA 677 (AD) te 706; **WESSELS v JOHANNESBURG MUNICIPALITY** 1971 (1) SA 479 (AD) 482G – H; **MUNSTER ESTATES (PTY) LTD v KILLARNEY HILLS (PTY) LTD** 1979 (1) SA 621 (AD) 623H.

[11] Waar ‘n Hof van Appèl dus bloot twyfel oor die korrektheid van die verhoorlanddros se bevinding, sal die hof *a quo* se beslissing steeds gehandhaaf en bevestig word.

[12] Die eerste aspek wat ons moet oorweeg, is of die Landdros se

bevinding aangaande die bestaan van 'n persoon met die naam van Petrus, en sy beweerde rol in die veediefstalskema, ooglopend verkeerd is.

[13] Die eiser se advokaat het ons gevra om te bevind dat sodanige (fiktiewe) persoon nooit bestaan het nie, maar 'n blote versinsel van die verweerder is.

[14] Hierdie submissie is onder andere gegrond op die betoog dat 'n nadelige afleiding gemaak moet word teen die verweerder omdat hy versuim het om hierdie Petrus as getuie te roep om sy eie weergawe te bevestig.

[15] Na my mening is hierdie kritiek met gepaardgaande negatiewe afleiding, nie geregverdig nie. Dit is onbetwis dat hierdie getuie nie beskikbaar was om te getuig nie, omdat hy nie opgespoor kon word nie. Die verweerder het naamlik getuig dat hy Petrus se selfoonnommer herhaaldelik geskakel het nadat die beweringe van veediefstal teen hom gemaak is, en toe hy geen antwoord kon kry nie, hy die selfoonnommer aan die polisie gegee het. Nieteenstaande sy eie pogings en dié van die polisie, kon die gemelde Petrus nie opgespoor

word nie.

[16] Die kritiek is ook om ‘n ander rede nie geregverdig nie. Dit is naamlik onrealisties om van ‘n verweerder onder hierdie omstandighede te verwag om ‘n persoon te roep wie hy nie ken nie, om voor die hof te kom erken dat hy ‘n veedief is en aanspreeklikheid vir die verlies van die eiser se beeste aanvaar.

[17] Van belang is dat die eiser self die aspekte rondom Petrus nie in die hof *a quo* opgeklaar het nie. Die eiser het nie daarmee gehandel of hy wel sodanige persoon ken, of hy ‘n persoon met die naam van Petrus in diens het of gehad het, en of hy van die bestaan van so ‘n persoon weet nie.

[18] Die eiser self het trouens in die verhoor voor die Landdros van die uitgangspunt uitgegaan dat sodanige persoon wel bestaan, deur ondermeer in kruisverhoor by monde van sy regsverteenwoordiger die volgende stellings aan die verweerder te maak:

**"... <u>daardie Petrus</u> het nooit vir u gesê dat hy die eienaar van hierdie beeste is nie. ..."**
(OORKONDE, p. 125/10).

**"En meneer kan u net vir die hof dan nou verder sê u het met ander woorde eintlik nou maar net as 'n tussenganger opgetree u het met ander woorde hierdie beeste namens <u>hierdie Petrus</u> gaan verkoop, is dit korrek? ... Ja."** (OORKONDE, p. 135/22 – 136/1).

[19] Daar is ook op geen stadium namens die eiser aan die verweerder onder kruisverhoor gestel dat die verweerder se weergawe aangaande Petrus 'n verdigsel is of dat sodanige persoon nie bestaan nie of dat Petrus bloot 'n fiktiewe persoon is nie.

[20] Die verweerder is dus nie in die verhoorhof die geleentheid gegee om 'n antwoord of verduideliking te verstrek ten aansien van die eiser se betoog dat "Petrus" 'n fiktiewe persoon en dus 'n versinsel is nie, en ons kan gevolglik nie op appèl sonder meer die verweerder se weergawe ten aansien

van hierdie aspek, as vals verwerp nie.

[21] Ek is nie oortuig dat die verhoorlanddros se uitgangspunt om die saak te beslis op die verweerder se weergawe wat betref die verwikkelinge en gebeure rondom die persoon van Petrus, verkeerd is nie.

[22] Die kernvraag wat oorbly is of die verweerder geglo het dat hy regmatiglik die beeste by Petrus aankoop of inteendeel willens en wetens, met gepaardgaande dieftige opset, aandadig was aan Petrus se beplande veediefstal.

[23] Anders gestel moet ons aan die hand van die getuienis wat voor die verhoorlanddros afgelê is, bepaal of die Landdros fouteer het in sy bevinding dat daar geen getuienis op rekord is wat daarop dui dat die verweerder geweet het dat dit gesteelde vee is wat aan die eiser behoort; en ook dat daar geen getuienis is wat diefstal aan die kant van verweerder aandui of so 'n afleiding regverdig nie.

[24] Daar is sekere feite en omstandighede wat aanleiding gegee

het tot die eiser se oortuiging dat die verweerder sy vee gesteel het, en wat ook deur ons beoordeel en geweeg moet word in ons oorweging van hierdie vraag.

[25] Hierdie gronde van suspisie kan as volg saamgevat word:

25.1 dit is nie die eerste keer dat die verweerder betrokke was by ‘n verdagte veetransaksie nie. Die verweerder het naamlik in kruisverhoor erken dat hy tevore vee by ‘n plaasarbeider gekoop het en toe as staatsgetuie opgeroep is toe die plaasarbeider aangekla is dat hy sy werkgewer se vee gesteel en aan verweerder verkoop het. In die lig van hierdie agtergrond kon daar met reg van die verweerder verwag word dat hy beter voorsorg en beter maatreëls sou tref om te verhoed dat hy weer by veediefstal betrek word. Die feit dat hy weereens vee onder verdagte omstandighede by ‘n plaasarbeider gekoop het, versterk die vermoede dat hy aandadig of op een of ander wyse betrokke was by die diefstal van die eiser se vee;

25.2 die verweerder was deurlopend betrokke by die

uitvoering van die diefstal van die vee, want hy het alles gereël, naamlik:

(a) die transporteerder;

(b) ‘n persoon om die beeste aan die vragmotorbestuurder uit te wys;

(c) hy laat haal die beeste op die eiser se grond;

(d) hy laat slag die eiser se beeste;

(e) hy gee telefoniese aanwysings terwyl die verse vervoer word;

25.3 die persoon wat deur die verweerder aangewys word as synde die hoofdader en hoofbeplanner van die veediefstal, te wete Petrus, kon nie deur respondent self of deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, opgespoor word nie. Dit is verdag en mag aanleiding gee tot ‘n afleiding dat verweerder hierdie getuie “wegsteek” sodat die verweerder se ware rol in die beplanning en

uitvoering van die veediefstal, nie op die lappe kan kom nie;

25.4 die verweerder se weergawe rondom Petrus is vaag en verdag, wat 'n moontlike afleiding regverdig dat hy die man wil beskerm:

25.5 hy kan geen besonderhede van Petrus verstrek, buiten 'n selfoonnommer nie (wat nie werk nie);

25.6 hy weet nie wat die persoon se van is nie;

25.7 hy weet nie waar die persoon bly nie;

25.8 hy weet nie waar die persoon werk nie;

25.9 hy het nie 'n afskrif van die persoon se identiteitsdokument bekom nie;

25.10 hy het die man nog nooit tevore gesien nie;

25.11 hy oorhandig R2 000,00 in kontant as voorskot aan

‘n onbekende persoon sonder om te bevestig dat die persoon wel Petrus is;

25.12 hy weet nie of Petrus wel die eienaar van die beeste is nie;

25.13 dit is verdag dat verweerder, as veespekulant, die beeste koop sonder om dit vooraf te sien of te besigtig;

25.14 as ervare veespekulant bevraagteken hy nie die feit dat ‘n plaaswerker sy jong vroulike diere (wat waarskynlik dragtig is) laat slag nie; dit moes hom op sy hoede gestel het;

25.15 hy koop die diere teen halfprys, want die vergoeding (per kilo soos geslag) beloop R23 082,70 terwyl die waarde van die verse, R45 000,00 beloop;

25.16 hy kies ‘n vervoerkontrakteur met wie hy nie voorheen besigheid gedoen het nie, maak geen persoonlike kontak met dié transporteerder of dié se drywer nie, betaal hom nie direk nie, maar laat sy ooreengekome

fooi by ‘n sekere slaghuis te Kroonstad waar die vervoerkontrakteur dit later afhaal;

25.17 die verweerder kon geen verduideliking in die hof gee waarom hy nie in sy beëdigde verklaring ter opponering van die aansoek om beslaglegging van die geld by die slagpale, melding gemaak het van die “Petrus” en dié se rol nie;

25.18 alhoewel respondent ‘n ervare veespekulant is, het hy geen voorskrif van die Wet op Veediefstal, nr 57 van 1959 met betrekking tot voorgeskrewe dokumente vir ‘n veetransaksie, nagekom nie:

25.19 hy het aflewering van die vee wat hy aangekoop het, aanvaar sonder dat hy in besit geplaas is van ‘n dokument van identifikasie wat deur die eienaar van die vee uitgereik is en waarin die identiteit van die eienaar, die vee, die koper en besonderhede van die veetransaksie vermeld word; en het dus die bepalings van artikel 6(2) gelees met artikel 6(1) van die Veediefstalwet oortree;

25.20 hy het die vee aan Country Meat Slagpale verkoop, gelewer en laat slag sonder om ten tyde van die aflewering van die vee ‘n dokument van identifikasie te verstrek en het dus die bepalings van artikel 6(1) van die Veediefstalwet oortree;

25.21 hy het die verse laat verwyder vanaf die appellant se plaas en laat vervoer na die slagpale sonder ‘n verwyderingsertifikaat wat deur die eienaar van die vee uitgereik is soos bedoel in artikel 8(2) van die Veediefstalwet;

25.22 hy het die verse vir verkoop in sy besit ontvang van ‘n persoon wat nie ‘n bekende woonplek het nie, sonder ‘n sertifikaat dat gemelde persoon geregtig is om daardie vee van die hand te sit, soos bedoel in artikel 7 van die Veediefstalwet;

25.23 hy het die vee ontvang vanaf ‘n persoon wat vermoedelik in diens was van die eienaar van grond sonder dat die werknemer in besit was van ‘n sertifikaat

van die eienaar wat sertifiseer dat die werknemer geregtig is om die vee van die plaas te laat verwyder, soos bedoel in artikel 8(4) van die Veediefstalwet;

25.24 die verweerder het geen dokumente voltooi ter bewys van die transaksie tussen hom en Petrus, soos byvoorbeeld ‘n aankoopfaktuur, rekeningstaat, afrekeningsbewys, ensovoorts nie;

25.25 die verweerder betaal aan die Petrus ‘n kontantvoorskot van R2 000,00 maar laat hom nêrens teken vir die ontvangs van die geld, en vra nie sy adres, ensovoorts nie. Dit versterk die vermoede dat hy die eiser se nege Brahman verse aangekoop het by hierdie onbekende persoon vir die somtotaal van R2 000,00, veral omdat hy die “Petrus” nie weer daarna gesien het of te voorskyn kon bring nie.

[26] Daar bestaan egter ook sterk objektiewe aanduidings dat die verweerder wel *bona fide* opgetree het of gemeen het dat hy regmatig handel, en moet die nodige gewig ook hieraan verleen word by ‘n afweging van die waarskynlikhede in die

saak.

[27] Hierdie feite en omstandighede kan as volg saamgevat word:

27.1 die gebeure moet gesien word teen die agtergrond dat dit in die veebedryf volgens die getuie Hanekom van BKB-Louwid, nie 'n vreemde verskynsel is vir veespekulante om beeste te koop teen geslagte gewig per kilogram vleis, sonder om die beeste vooraf te besigtig nie; volgens hom kan 'n veespekulant net eenvoudig nie orals wees nie;

27.2 alhoewel bemarkers in die veebedryf probeer om diefstal te bekamp deur 'n prosedure te volg waarin hulle die agtergrond van die verkoper, 'n fotostaat van sy identiteitsdokument, toepaslike brandmerke, ensovoorts poog te bekom, slaag hulle nie altyd daarin nie: volgens die getuie Hanekom is dit 'n groot probleem;

27.3 die eienaar van die vervoeronderneming (De Waal) het onder eed bevestig dat hy niks snaaks gevind het aan

die verweerder se opdrag om die beeste te gaan oplaai waar dit uitgewys sou word en daarna na die slagpale te vervoer nie;

27.4 die verweerder het vir gemelde De Waal gevra of hy 'n verwyderingsertifikaat beskikbaar het, en dit kan daarop dui dat die verweerder geglo het dat hy die beeste by iemand koop en nie steel nie;

27.5 die verweerder het na die voorval vir die eiser gebel en gevra op grond waarvan die eiser hom van diefstal beskuldig het. Hierdie optrede dui allermins op 'n skuldige gewete;

27.6 ondervinding het geleer dat veeboere en veespekulante nie noodwendig alle voorskrifte met betrekking tot die aankoop, verkoop en vervoer van vee stiptelik en deurlopend nakom nie, met spesifieke verwysing na die uitreiking van afleweringsertifikate, sertifikate van eienaarskap en sertifikate van identifikasie, ensovoorts: die afwesigheid van sodanige sertifikate is dus nie sondermeer 'n aanduiding van dieftige opset aan die

kant van die verweerder nie;

27.7 die verweerder nader ‘n vervoerkontrakteur wat ‘n bestaande, gevestigde besigheid het, oop en bloot, terwyl hy hom nie ken nie en moes weet dat hierdie persoon ‘n potensiële getuie teen hom is;

27.8 die verweerder weet dat die drywer van die vragmotor nie aan hom bekend is nie en dus ‘n verdere potensiële getuie is: nogtans gebruik hy nie sy eie vertroueling nie, soos verwag kan word indien hy besig was om die vee te steel;

27.9 die voorval waartydens die verweerder die vee op die eiser se plaas laat oplaai, na die slagpale laat vervoer, daar laat aflaai en daar laat slag, vind helder oordag oop en bloot plaas;

27.10 die verweerder gee openlik instruksies aan meerdere persone dat die vee na Country Meat Slagpale geneem moet word om daar geslag te word;

27.11 die verweerder verstrek sy naam en telefoonnommer aan die slagpale asook aan die vervoerkontrakteur: hy word dan ook vanaf die slagpale en vanuit die vragmotor geskakel en sy identiteit is ten volle vooraf deur hom aan hierdie persone geopenbaar;

27.12 die verweerder reël oop en bloot dat die opbrengs van die nege verse soos geslag, deur die slagpale in sy eie bankrekening inbetaal moet word;

27.13 die verweerder laat die beeste helder oordag en oop en bloot by die slagpale slag, terwyl hy weet dat die personeel daar almal potensiële getuies teen hom is;

27.14 die verweerder reël dat die fakture deur die slagpale in sy eie naam uitgemaak moet word;

27.15 die diefstal van die verse was fyn en noukeurig beplan, soos blyk uit die feit dat die nege verse nie toevallig in die stoor sou gestaan het toe De Waal se vragmotor

daar aankom nie: dit is onwaarskynlik dat verweerder in hierdie beplanning nie sy eie rol sou wou verbloem of verberg nie;

27.16 die feit dat die verweerder oop en bloot in helder daglig hierdie optrede uitgevoer het, druis in teen 'n vermoede van diefstal, omdat die verweerder nie gepoog het om sy spore dood te vee nie;

27.17 alle spore lei trouens na homself en is dit totaal onwaarskynlik dat die verweerder so 'n uitdagende veediefstalskema sou aanpak sonder enige beplanning of maatreëls om sy eie rol en aandeel daarin te verberg.

[28] Na my mening kan die saak nie op appèl in die guns van die eiser (die appellant) beslis word op die basis dat die verweerder (die respondent) se weergawe so vergesog is, dat die verhoorlanddros verkeerd was om dit nie as vals te verwerp nie. Na my mening bestaan daar dus geen gronde om 'n inmenging met die feitebevindinge van die verhoorlanddros, te regverdig nie.

[29] Die gevolgtrekking van die bogemelde uiteensetting is dus dat die appèl teen die afwysing van die hoofeis, nie gehandhaaf kan word nie.

[30] Die eiser het ook appèl aangeteken teen die feit dat die verweerder se teeneis op grond van laster, teen hom toegestaan en hy beveel is om 'n bedrag van R20 000,00 aan die verweerder vir genoegdoening te betaal.

[31] In die verweerder se teeneis is naamlik aangevoer dat die eiser wederregtelik en opsetlik lasterlike aantygings aangaande verweerder teenoor derdes gemaak het, tot dié effek dat verweerder verse van die eiser gesteel het; welke bewerings van alle waarheid ontbloot is, maar aanleiding gegee het tot die *innuendo* dat die verweerder 'n skelm is, 'n dief is, oneerlik en onbetroubaar is, en op 'n oneerlike, duistere en agterbakse manier 'n inkomste verdien.

[32] Die eiser het 'n bedrag van R50 000,00 geëis op grond van hierdie lasterlike bewerings wat na bewering ten doel gehad het om die verweerder in sy goeie naam, eer en waardigheid

aan te tas.

[33] Die eiser se verweer op die teeneis soos blyk uit die verweerskrif, is 'n blote ontkenning: dit word ontken dat enige sodanige aantygings of bewerings gemaak is, en dit word voorts ontken dat die verweerder enige skade gely het.

[34] Geen verdere of enige spesifieke verwere word in die verweerskrif tot die teeneis, geopper nie.

[35] In betooghoofde en in argument voor ons is namens die eiser aangevoer dat die verhoorlanddros die teeneis om laster van die hand moes wys weens die volgende oorwegings, naamlik:

35.1 daar is deur die eiser bewys dat sy beeste gesteel en verkoop is;

35.2 die hoof-eis moes dus slaag op die basis dat daar op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon is dat verweerder die persoon is wat die eiser se beeste gesteel het;

35.3 verweerder moes bewys dat hierdie bewering vals is;

35.4 om hom van hierdie bewyslas te kwyt, moes verweerder aantoon dat hy die vee by Petrus aangekoop het, en dat daardie vee nooit aan die eiser behoort het nie; en dat eiser se bewerings vervolglik lasterlik was;

35.5 ten opsigte van hierdie bewyslas, het die verweerder jammerlik gefaal.

[36] Hierdie betoog kan nie gehandhaaf word nie.

[37] Ten eerste het eiser nooit tot die teeneis gepleit dat die beweringe die waarheid is nie. Selfs al het hy dus met die hoof-eis geslaag, gegrond op veediefstal, moes die teeneis steeds toegestaan word. Die eiser het naamlik geen ander verweer teen die verweerder se vordering weens laster geopper as dat hy nié die bewerings geuiter het nie, en dat verweerder geen skade gely het nie.

[38] Tweedens moes eiser pleit en aantoon, as noodsaaklike element van sodanige verweer, dat dit in die openbare belang

was dat die waarheid deur hom verkondig moes word :

> "...truth apart from the element of public benefit is not in itself a complete defence."

[39] Dit is dus regtens onbestaanbaar om van 'n eiser te vereis of te verwag om aan te toon dat die bewerings wat aangaande hom gemaak is, vals is. Daar rus geen sodanige bewyslas op 'n eiser nie :

> " Falsity is not a matter to be alleged or proved by the plaintiff, because the defamatory nature of a statement is not dependent on its falsity. " **AMLER'S PRECEDENTS OF PLEADING** 6de Uitgawe p136 en gesag aldaar.

[40] Die verhoorlanddros het, soos met die uitspraak op die meriete van die hoofeis, insgelyks volledig met die getuienis ten opsigte van die teeneis gehandel, dit ontleed en sy bevindinge gemotiveer.

[41] Daar is geen basis waarop bevind kan word dat die verhoorlanddros verkeerd is nie.

[42] Die *quantum* van die toekenning aan genoegdoening is nie aangeveg nie en daar bestaan geen gronde vir inmenging met die verhoorlanddros se uitoefening van sy diskresie in hierdie verband nie.

[43] Die appèl word gevolglik met koste van die hand gewys, beide wat betref die hof *a quo* se afwysing van die hoof-eis en die toestaan van die teeneis.

**C. PLOOS VAN AMSTEL, WND R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Namens die appellant : Adv. S. J. Reinders

In opdrag van:

Rosendorff Reitz Barry

BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die respondent : | Adv. J. G. Gilliland |
| | In opdrag van: |
| | Molefi Thoabala Prokureurs |
| | BLOEMFONTEIN |